education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN – 2008

GESKIEDENIS V1

STANDAARDGRAAD

MEI/JUNIE 2008

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Globale assessering van opstelle

Die opstelle sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele te merk. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitlike bewyse om 'n argument te ondersteun. Van die leerder sal nie verwag word om slegs “feite” uit te spoeg om sodoende 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om “modelantwoorde” voor te berei en dit dan te reproduseer, sonder inagneming van die spesifieke vereistes van die vraag. Die holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening. Holistiese assessering, anders as inhoudgebaseerde nasien, penaliseer nie taalontoereikendhede nie, aangesien die klem op die volgende val:

- die bespreking/verduideliking;
- die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om so 'n argument te ondersteun.

Assesseringsprosedures van 'n opstel

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2. Met die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (in riglyne vir nasien/ memorandum aangedui met 'n ‘bullet’) vir elke hoofmoment (in riglyne vir nasien memorandum aangedui met 'n ‘bullet’) 'n relevante slotopmerking (in riglyne vir nasien memorandum aangedui met 'n ‘bullet’) bv. in 'n antwoord met 5 hoofmomente sal daar 7 regmerkies wees.

Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie
- verkeerde stelling
- irrelevante stelling
- herhaling **R**
- analiseer **A**√
- interpretasie 1√

4. Met die eerste deurlees van die opstel word daar ook bepaal in watter mate die hoofmomente gedek is en die inhoudsvlak (op die matriks) word toegeken.

I	VLAK 3	

5. Die tweede deurlees van 'n opstel sal die vlak (op die matriks) van die aanbieding.

I	VLAK 3	
A	VLAK 1	

6. Ken 'n finale simbool en punt met behulp van die matriks toe.

I	VLAK 3	B+
A	VLAK 1	39

Die matriks

Die kriteria waarvolgens die opstel geassesseer sal word, is m.b.v. 'n matriks georden en die matriks sal gebruik word vir die toekenning van 'n simbool aan 'n opstel. Beide die inhouds- en aanbiedingsasse is in agt vaardigheidsvlakke verdeel. Elke vlak met sy kriteria wat gebruik sal word om 'n opstel te assesseer.

AANBIEDING **INHOUD**	**VLAK 1** Het ge-analiseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.	**VLAK 2** Het ge-analiseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.	**VLAK 3** Poog om te analiseer en historiese verklarings toe te pas. Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.	**VLAK 4** Poog om te analiseer en historiese verklarings toe te pas. Opstel in 'n sekere mate beplan en gestruktureerd.	**VLAK 5** Analise en historiese verklarings in 'n sekere mate toegepas. Poging tot strukturering.	**VLAK 6** Analise en historiese verklarings soms of glad nie gemaak nie. Geen duidelike struktuur nie.	**VLAK 7** Geen analises en historiese verklarings nie. Geen struktuur nie. Onlogies (tot 'n sekere mate).
VLAK 1 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie is ten volle relevant tot gedagterigting wat gevolg is.	**A+** **47 - 50**	**A** **43 - 46**	**A-** **40 - 42**			**A: 120 – 150** **B: 105 – 119** **C: 90 – 104** **D: 75 – 89** **E: 60 – 74** **F: 50 – 59** **FF: 45 – 49** **G: 38 – 44** **GG: 30 – 37** **H: 0 – 29**	
VLAK 2 Vraag is beant-woord. Inhoudseleksie is relevant.	**A** **43 – 46**	**A-** **40 – 42**	**B+** **38 – 39**				
VLAK 3 Vraag tot 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant.	**B+** **38 – 39**	**B** **36 – 37**	**B-** **35**	**C+** **33 – 34**			
VLAK 4 Gestelde vraag is herkenbaar in antwoord. Effens onvoltooid en meestal relevant.			**C+** **33 – 34**	**C** **31 – 32**	**D+** **28 – 29**		
VLAK 5 Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Gebreke t.o.v. omvang (soms irrelevanthede).				**C-** **30**	**D** **26 – 27**	**E+** **23 – 24**	
VLAK 6 Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Inhoud skraal (soms irrelevanthede).					**D-** **25**	**E** **21 – 22**	**E-** **20**
VLAK 7 Vraag ontoereikend of glad nie beantwoord nie. Inhoud skraal of ontoereikend. Grootliks/ heel-temal irrelevant						**E-** **20**	**F 13 – 19** **G 07 – 12** **H 00 – 06**

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESIFIEKE SENTRUM IN GEBRUIK IS.**

- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING OF SAMEVATTING HÊ AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'n RIGLYN VIR NASIEN VAN 'N SPESIFIEKE OPSTEL**

- **IN DIE ASSESSERING VAN BRONGEBASEERDE VRAE MOET KREDIET AAN KANDITAE GEGEE WORD VIR ENIGE RELEVANTE ANTWOORD**

AFDELING A: OPSTELVRAE

VRAAG 1A: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

Beskryf die stappe wat generaal JBM Hertzog tussen 1926 tot 1934 gedoen het om Suid-Afrika se konstitusionele onafhanklikheid te bekom.

SINOPSIS

Kandidate moet die verskillende stappe wat Hertzog gedoen het om Suid-Afrika se konstitusionele onafhanklikheid tussen 1926 en 1934 te bekom, aandui.

LET WEL: Die hoofaspekte ('bullets') moet gebruik word om die vereistes van die vraag en die gedagterigting gegee, aan te spreek. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet Hertzog se wens om Suid-Afrika se soewereine onafhanklikheid te beveilig, in hooftrekke aandui.

UITBREIDING

- Die posisie van die dominiums toe Hertzog aan bewind gekom het (wettiglik was hulle aan Brittanje ondergeskik)
- Die Imperiale Konferensie van 1926 (Hertzog wou SA en die dominiums se status uitklaar)
- Die Balfour Verklaring van 1926 (Omskryf SA en die ander dominiums se status)
- Die Departement van Buitelandse Sake (Die stigting van hierdie departement het SA se onafhanklikheid gedemonstreer)
- Die Statuut van Westminster, 1931 (Het die beginsels van die Balfour Verklaring op die wetboek geplaas)
- Die Status en Seëlwette, 1934 (Dit het SA se onafhanklikheid beskerm deur die Statuut van Westminster in 'n Suid-Afrikaanse wet te vervat)

Gevolgtrekking: Kandidate moet die gedagterigting saamvat deur aan te toon dat Hertzog 'n integrale rol in die poging na soewereine onafhanklikheid teen 1934 gespeel het. **[50]**

VRAAG 1B: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

Bespreek die verskillende faktore wat tot die totstandkoming van die Verenigde Party in 1934 en die skeuring in die Party in 1939 gelei het.

SINOPSIS

Kandidate moet die onderskeie faktore wat tot die samesmelting en uiteindelike skeuring van die Verenigde Party tussen 1934 en 1939 gelei het, bespreek.

LET WEL: Die hoofaspekte ('bullets') moet gebruik word om die vereistes van die vraag en die gedagterigting gegee, aan te spreek. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet die onderskeie faktore wat tot die samesmelting en uiteindelike skeuring van die Verenigde Party tussen 1934 en 1939 gelei het in hooftrekke aandui.

UITBREIDING

- Kort agtergrond oor die faktore wat tot 'n koalisieregering gelei het.
- Redes vir en die daaropvolgende uitwerking/effek van die samesmelting (stigting van splintergroepe)
- Politieke hergroepering (gekoppel aan persoonlikheidsbotsings (Afrikaner vs. Engelse)
- Die uitwerking van die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog (neutraliteit vs. deelname)
- Die skeuring van die Verenigde party in 1939

- Gevolgtrekking: Kandidate moet die gedagterigting saamvat deur aan te toon hoe die onderskeie faktore tot die stigting en uiteindelike skeuring van die Verenigde Party in 1939 gelei het. **[50]**

VRAAG 2A: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

Verduidelik die sukses van die passiewe versetveldtogte teen die apartheidsregering in die tydperk 1948 tot 1958.

SINOPSIS

Kandidate moet die sukses van die passiewe versetveldtogte teen die apartheidsregering in die tydperk 1948 tot 1958 verduidelik.

LET WEL: Die hoofaspekte ('bullets') moet gebruik word om aan die vereistes van die vraag en die gedagterigting gegee, aan te spreek. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet die redes vir die passiewe versetveldtogte teen die apartheidsregering in die tydperk 1948 tot 1958 uitlig.

UITBREIDING

- Bekendstel van Program van Aksie - 1949
- Die Versetveldtog – 1952
- *[Onderwysboikot – 1954]*
- Kongres Alliansie en die Vryheidsmanifes – 1955
- Die Hoogverraadverhoor van 1956 as 'n reaksie op die weerstand deur die regering
- Die Anti-Pas-Veldtog deur vroue na die Uniegebou – 1956
- *[Die busboikotte – bv. 1957]*
- Sommige kan dalk ander aksies na 1956 noem, bv. aanhoudende protes teen die uitbreiding van die paswette, SACTU pond-'n-dag-veldtog, 1957 – 1958

- Gevolgtrekking: Kandidate moet die gedagterigting saamvat deur die sukses van die passiewe versetveldtogte te verduidelik. **[50]**

VRAAG 2B: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

Bespreek hoe verset teen die apartheidsregering in die tydperk 1960 (Sharpeville-massamoord) tot 1976 (Soweto-opstand) in intensiteit toegeneem het.

SINOPSIS

Kandidate moet uitlig hoe weerstand teen die apartheidsregering van die Sharpeville-massamoord in 1960 tot die Soweto-opstand in 1976 in intensiteit toegeneem het.

LET WEL: Die hoofaspekte ('bullets') moet gebruik word om die vereistes van die vraag en die gedagterigting gegee, aan te spreek. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding - Kandidate moet fokus op waarom weerstand teen die apartheidsregering tussen 1960 en 1976 in intensiteit toegeneem het.

UITBREIDING

- Die Sharpeville-massamoord (1960) en die nadraai/nasleep daarvan
- Die verbanning van weerstandsbewegings en opsluitings/detensies
- Die stigting van Umkhonto we Sizwe en POQO
- Lilliesleaf-plaas en die Rivonia-verhoor
- Opblaas van regeringsgeboue en installasies
- Die rol van die African Resistance Movement (ARM), die Swart Bewustheidsbeweging, die South African Students' Organisation (SASO), ens.
- 1973 Corobrick-staking
- 1976 Soweto-opstand

- Gevolgtrekking: Kandidate moet die gedagterigting saamvat deur uit te lig waarom weerstand teen die apartheidsregering tussen 1960 en 1976 in intensiteit toegeneem het. **[50]**

VRAAG 3A: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

Beskryf die rol wat die United Democratic Front (UDF) in die verset teen PW Botha se regering in die 1980's gespeel het.

SINOPSIS
Kandidate moet die rol van die UDF in die verset teen PW Botha se regering in die 1980's aantoon.

LW: Die hoofaspekte ('bullets') moet gebruik word om die vereistes van die vraag en die gedagterigting gegee, aan te spreek. ***Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.***

HOOFASPEKTE

- Inleiding: kandidate moet die onderwerp inlei deur die redes waarom die UDF hulle teen PW Botha se regering verset het, beskryf.

UITBREIDING

- Onderdrukking en hervorming (1983 grondwet) stel die toneel vir weerstand binne die land.
- Weerstand – die stigting en rol van die UDF en aanhoudende massa-aksie in werset teen PW Botha se regering
- Die impak van die UDF in die mobilisering van ander organisasies, bv. National Forum, AZAPO, BCM, 'township'/gemeenskaps-/godsdienstige organisasies, ens. in weerstand teen hervorming
- Die instelling van noodtoestande
- Reaksie van UDF op die noodtoestande

- Gevolgtrekking: Kandidate moet die gedagterigting saamvat deur aan te dui hoe die instelling van die 1983-grondwet die weerstandsprogram teen die apartheidsregering versnel het. **[50]**

VRAAG 3B: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

Bespreek die onderhandelingsproses tussen die Nasionale Party en die African National Congress (ANC) vanaf 1990 tot 1994 wat uiteindelik daartoe gelei het dat Suid-Afrika 'n demokrasie geword het.

SINOPSIS

Kandidate moet die rolle gespeel deur die Nasionale Party en die ANC in die totstandkoming van demokrasie in die tydperk 1990 tot 1994 bespreek.

LW: Die hoofaspekte ('bullets') moet gebruik word om die vereistes van die vraag en die gedagterigting gegee, aan te spreek. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Dit moet fokus op redes vir onderhandelinge tussen die Nasionale Party en die ANC van 1990 tot 1994.

UITBREIDING

- Die besluit ten gunste van onderhandelinge (waarom onderhandelinge) – kortliks. Die opheffing van die verbod op politieke organisasies
- Mandela en ander politieke gevangenes se vrylating
- Die rol van verskillende gebeurtenisse en ontwikkelings, bv. Grootte Schuur Minuut, die Pretoria Minuut, CODESA I & II, die ontstaan van COSAG, geweld in Boipatong, Natal en elders, regsgesinde aktiwiteite, die rol van APLA, ens.
- Versterking van onderhandelinge, skikking en verbintenis
- Die eerste demokratiese verkiesing in April 1994 (vlag en die nasionale volkslied simboliseer trou aan die nuwe demokrasie) en die geboorte van 'n nuwe nasie

- Gevolgtrekking: kandidate moet hulle gedagterigting saamvat deur aan te dui hoe die onderhandelingsproses die nuwe orde in SA moontlik gemaak het. **[50]**

AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

DIE NASIEN VAN BRONGEBASEERDE VRAE
• By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet toegeken word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde. • By die toekenning van punte moet seker gemaak word of daar aan die vereistes van die vraag voldoen is of nie. • In hierdie riglyne vir nasien word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van vraagstelling aangedui in kursiefgedrukte skrif.

VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAAGSTELLING	
VLAK 1 (V 1)	Seleksie/ onttrekking van inligting uit bronne.
VLAK 2 (V 2)	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
VLAK 3 (V 3)	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van meer as een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
VLAK 4 (V 4)	Komplekse interpretasies wat dikwels meer as een bron behels. Hierdie vrae konsentreer op aspekte soos bevooroordeeldheid, betroubaarheid, die gebruik van organiseringsbegrippe (ooreenkoms en verskil, oorsaak en gevolg, chronologie; verandering en kontinuïteit) om kontraste, vergelykings en verskillende standpunte te verduidelik en as 'n finale stap om hierdie insigte aan te wend om 'n paragraaf te skryf of, met ander woorde, om 'n stukkie geskiedenis te skryf wat gebaseer is op bewyse uit die bronne.

VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

4.1 WATTER FAKTORE HET TOT GENERAAL JC SMUTS SE NEDERLAAG IN DIE 1948 ALGEMENE VERKIESING GELEI?

4.1.1 a) *[Onttrek bewyse uit Bron 4A – V1]*
- Demobilisering
- Behuising
- Omskakeling van oorlogsproduksie na verdestydse produksie

(enige 2 x 1)

b) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4A – V2]*
- naoorlogse probleme
- Swak toestande vir die minderbevoorregtes
- Werkloosheid (1 x 2)

c) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4A – V2]*
- Apartheidsbeleid – beskerming van wit belange
- Beskerming van wit minderheidsregering
- Gebruik 'swart gevaar'-verkiesing as propaganda

(enige 2 x 2)

d) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4A – VL2]*
- Immigrasie sou aantal Engelssprekende mense laat styg
- Bedreiging vir Afrikaner oorheersing (2 x 2)

4.1.2 a) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V2]*
- Uitdagings waarvoor Smuts regering te staan gekom het
- Dringende naoorlogse kwessies, d.i. behuising, werkloosheid
- Oplos van kwessies om wit vrese te besweer (enige 1 x 2)

b) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V2]*
- Smuts is klein – nie in beheer nie
- Smuts staan met sy hoed in die hand – soek hulp om die probleme op te los
- Smuts is verbaas oor die werkslading en probleme waarvoor hy te staan gekom het (enige 1 x 2)

c) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V2]*
- Probleme wat onmiddellike aandag deur die regering verg
- Indien daar nie aandag daaraan gegee word nie, kan dit beteken dat die VP ondersteuning kan verloor (2 x 2)

d) *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 4A en 4B – V3]*
- Beide bronne verwys na naoorlogse probleme
- Beide bronne verwys na sosiale probleme, d.i. behuising

(2 x 2)

4.1.3 a) (i)*[Onttrek van bewyse uit Bron 4C – V1]*

- Die keuse van eenheid (1 x 2)

ii) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4C – V2]*

- Om die kiesers te verenig
- Om die voorgestelde apartheidbeleid teë te staan
- Om die kiesers aan die Verenigde Party se beleid te herinner(2 x 2)

b) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4C – V2]*

Belangrik

- Dit was 'n voorbladartikel in die koerant
- Om te verseker dat die kiesers Smuts se posisie verstaan
- Enige relevante antwoord (1 x 2)

4.1.4 a) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4D – V2]*

- Smuts: teleurgesteld – VP verloor verkiesing
- Malan: gelukkig/tevrede - NP wen die verkiesing (2 x 2)

b) *[Vergelyking van bewyse uit Bron 4D – V2]*

- Motlana: was bekommerd dat apartheid waar sou word
- Tambo: was gelukkig – dit sou stukrag aan die weerstandsbeweging gee (2 x 2)

c) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4D – V2*]

- Dit sou help om ondersteuning vir die weerstandsbeweging kry
- Die felheid van die NP-beleid sou die onderdruktes verenig (1 x 2)

4.1.5 *[Evaluering en samevatting van inligting uit al die bronne – V4]*

Die paragraaf moet gebaseer wees op bewyse uit al hierdie bronne en moet op die volgende aspekte fokus:

- Na-oorlogse ekonomie en sosiale probleme
- Toenemende vraag na sosiale sekuriteit
- Die Nasionale Party gebruik die kleurvraagstuk om ondersteuning te wen
- Smuts het op sy louere gerus
- Regerings-immigrasieskema
- Smuts was oorgerus
- Geen alternatief vir NP-beleid
- Hy wasoud en het kontak verloor met die behoeftes van die kiesers
- Enige ander relevante punt

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Kan nie inligting uit bronne onttrek nie • Onttrek bewyse uit bronne en gebruik eie kennis op 'n baie elementêre wyse of kan nie oor onderwerp skryf nie • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te rapporteer • Kan nie oor die onderwerp rapporteer nie	**Punte: 0-2**
VLAK 2	• Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is • Bewyse wat onttrek is hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp • Gebruik bewyse uit die bronne en eie kennis op 'n baie basiese wyse	**Punte: 3-5**
VLAK 3	• Onttrek relevante bewyse uit bronne • Bewyse onttrek toon baie goeie verband met die onderwerp • Gebruik bewyse uit bronne en die kennis baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf • Paragraaf toon begrip van die onderwerp	**Punte: 6-8**

(8)
[50]

VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

5.1 WAAROM IS DIE AFRICAN NATIONAL CONGRESS (ANC) GEDWING OM 'n GEWAPENDE STRYD TEEN DIE WIT MINDERHEIDSREGERING IN DIE 1960's TE VOER?

5.1.1 a) *[Uittrek van bewyse uit Bron 5A- V 1*]
- Dit is as gewelddadig beskou (1 x 2)

b) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 5A – V2]*
Geregverdig
- Slegs geweld kon die wil van die wittes vernietig
- Die wit minderheidregering het deur onderdrukking regeer

Nie geregverdig
- Onoordeelkundige lewensverlies kan nooit geregverdig word nie
- Dit beteken dat daar van die beleid van geweldloosheid wegbeweeg word (2 x 2)

c) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 5A – V2]*
- Nierassige gemeenskap gebaseer op internasionaal aanvaarde demokratiese beginsels (1 x 2)

d) *[Onttrek bewyse uit Bron 5 A – V1]*
- Tyd het vir Afrikane aangebreek om tot gewapende stryd oor te gaan
- ANC sou nie beleid van geweldloosheid opgee nie (1 x 2)

e) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 5A – V3]*
- Vestiging van gevegsbevelvoering
- Begin om klein streeksnetwerke te vestig
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2)

f) [*Interpretasie van bewyse uit Bron 5 A – V3]*
- ANC en lede van die ondergrondse Kommunistiese Party bekom Lilliesleaf-plaas in Rivonia
- Hulle het as die opperbevel saamgewerk om die gewapende stryd te te begin (1 x 2)

g) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 5 A – V 2]*
- SACTU-lede het die veglus gehad wat deur die nuut gestigde gewapende vleuel van die ANC benodig is (1 x 2)

5.1.2 a) *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bronne 5A en 5B – V3]*

- Bron 5A noem dat die uitvoerende gesag van die ANC finaal ooreengekom het dat alhoewel dit nie die beleid van geweldloosheid sou laat vaar nie, dit nie daardie lede wat so besluit het, sou dissiplineer nie.
- In Bron 5B word genoem dat die MK op ekonomiese, sabotasie- en politieke teikens gekonsentreer het, met die oog om aksie wat lewens in gevaar sou stel, uit te stel of te vermy. (2 x 2)

b) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 5B – V3]*

- 200 sabotasiedade het plaasgevind
- Verskeie regeringsgeboue is verwoes (1 x 2)

c) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 5B – V2]*

- Met sy terugkeer van die militêre opleiding het Mandela sy ondervindinge met sy kamerade gedeel
- Versterk die respek vir menselewens in sabotasieaanvalle (2 x 2)

5.1.3 a) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 5C – V3]*

- Lilliesleaf-plaas is as die hoofkwartier van die MK gebruik
- Beplanning van gewapende aanvalle vind op Lilliesleaf-plaas plaas.
- Gedurende die polisieklopjag is baie leiers gearresteer (enige 1 x 2)

b) *[Onttrek bewyse uit Bron 5C – V1]*

- MK het mense gewerf om opleiding in sabotasie en guerilla-oorlogvoering te onderneem
- Die doel van die MK was om 'n gewelddadige rewolusie te veroorsaak (2 x 2)

c) *[Onttrek bewyse uit Bron 5C – V1]*

- Nelson Mandela
- Walter Sisulu
- Ahmed Kathrada
- Raymond Mhlaba
- Elias Motsoaledi (enige 4 x 1)

d) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 5A en 5B – V3]*

Nuttig

- Historikus kan na drie verskillende bronne verwys
- Oorsponklike materiaal oor die stigting vandie MK beskikbaar deur hofrekords
- Dokumente wat by Rivonia gekonfiskeer is, gee besonderhede oor hoe hulle beplan het om spoorlyne en elektrisiteitslyne op te blaas (2 x 2)

5.1.4 *[Evaluering en samevatting van inligting uit al die bronne en gebruik van eie kennis – V4]*

Die paragraaf moet gebaseer wees op die bewyse uit hierdie bronne en moet fokus op die volgende aspekte:

- Nierassige gemeenskap gebaseer op internasionaal aanvaarde demokratiese beginsels
- Wil van die wittes moet deur geweld verwoes word
- Vreedsame protes is tevergeefs geloods
- Tyd het aangebreek om tot gewapende stryd oor te gaan
- Vorming van kleinste gevegselle
- Bomme is geplant in 'n poging om die regering so ver te kry om onderhandelinge te beëindig
- Opleiding in buiteland bekom
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Kan nie inligting onttrek nie • Of onttrek bewyse en gebruik eie kennis op 'n baie elementêre wyse of kan nie oor onderwerp skryf nie • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te rapporteer • Of kan nie oor die onderwerp rapporteer nie	**Punte: 0-2**
VLAK 2	• Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is • Bewyse wat onttrek is hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp • Gebruik bewyse uit die bronne en eie kennis op 'n baie basiese wyse	**Punte: 3-5**
VLAK 3	• Onttrek relevante bewyse uit bronne • Bewyse onttrek toon baie goeie verband met die onderwerp • Gebruik bewyse uit bronne en die kennis baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf • Paragraaf toon begrip van die onderwerp	**Punte: 6-8**

(8)
[50]

VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

6.1 HOE HET STEVE BIKO SE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN ('BLACK CONSCIOUSNESS') TOT DIE VERSETSTRYD IN SUID-AFRIKA BYGEDRA?

6.1.1 a) *[Onttrek bewyse uit Bron 6A – V1]*
- Op die swart man gerig
- Tot die swart man se situasie (2 x 1)

b) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 6A – V2]*
- Eksterne mag – apartheidswette wat swart man beperk het
- Interne mag – die gedagtegang van die swart man deur homself te verwerp en goedheid met wit gelyk te maak (2 x 2)

c) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 6A – V2]*
- Swart mense het van geboorte af 'n gevoel van minderwaardigheid ontwikkel
- Swart mense voel in hulle wese onvolkome omdat hulle anders as wit mense groot geword het (2 x 2)

d) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 6A – V2]*

Geregverdig
- As gevolg van verskil in agtergrond
- Omdat hulle minder bevoorreg is

Nie geregverdig
- Swart mense kan suksesvol wees ten spyte van hulle agtergrond
- Swart mense het nie beskikbare geleenthede gebruik nie (2 x 2)

6.1.2 a) *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 6B – V2]*
- Dit het die denkwyse van jongmense verander
- Daarin geslaag om leerders van hulle regte bewus te maak. (2 x 2)

b) *[Onttrek bewyse uit Bron 6B – V1]*
- Vrymoedigheid
- Toewyding
- Doelgerigtheid
- Duidelikheid oor hulle situasie (enige 2 x 1)

c) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 6B – V2]*
- Hulle raak meer bewus van politieke kwessies
- Hulle moes hulleself van apartheid bevry (enige 1 x 2)

d) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 6B – V2]*
- Hy het SASO as die hooforganiseerder van die Soweto-opstand beskou - SB is deur SASO gewild gemaak (1 x 2)

e) *[Vergelyking en interpretasie van bewyse V3]*
Standpunt 1
- SB het die opstand gelei (2 x 2)

Standpunt 2
- SASO was verantwoordelik vir die opstand

6.1.3 a) *[Onttrek bewyse uit Bron 6C – V2]*
- Die impak van Biko op die jeug
- Biko het 'n simbool van swart weerstand geword
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2)

b) *[Interpretasie van bewyse in Bron 6C – V2]*
- Vry van onderdrukking (1 x 2)

c) *[Vergelyking en interpretasie van Bron 6B en 6C – V3]*
- Bron 6B sou meer toepaslik wees aangesien dit twee persoonlike standpunte oor die lewe van Steve Biko gee
- Bron 6C is 'n foto wat baie min inligting oor Steve Biko se lewe gee (2 x 2)

6.1.4 a) *[Vergelyking en interpretasie van bewyse uit Bron 6B en 6D – V3]*
- Beide bronne toon die sterk ondersteuning van die jeug vir Biko
- Beide bronne bring hulde aan Biko
- Enige ander relevante antwoord (2 x 1)

6.1.5 *[Evaluering en samevatting van inligting uit al die bronne en gebruik van kennis – L4]*

Die paragraaf moet gebaseer wees op die bewyse in die bronne en moet op die volgende aspekte fokus:
- Maak swart mense van hulle minderwaardige status bewus
- Om vir gekyke regte te baklei
- Om swart mense bewus te maak van hulle eie kapasiteit/sterk punte/erfenis/trotse tradisies
- Hy fokus op die aktiewe deel van die jeug se deelname aan die vryheidstryd
- Enige ander relevante punt

Gebruik die volgende om punte toe te ken:

VLAK 1	• Kan nie inligting uit bronne onttrek nie • Of onttrek bewyse en gebruik eie kennis op 'n baie elementêre wyse • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te rapporteer • Of kan nie oor die onderwerp rapporteer nie	**Punte: 0-4**
VLAK 2	• Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is • Bewyse wat onttrek is hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp • Gebruik bewyse uit die bronne en eie kennis op 'n baie basiese wyse	**Punte: 5-7**
VLAK 3	• Onttrek relevante bewyse uit bronne • Bewyse onttrek toon baie goeie verband met die onderwerp • Gebruik bewyse uit bronne en die kennis baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf • Paragraaf toon begrip van die onderwerp	**Punte: 8-10**

(10)
[50]
TOTAAL: 150